Kuberkamma

4 Augustus 2019

Hebreërs 4 vers 16

"Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die saal
09h45 Kategese
10h00 Klassieke diens in die saal
Die deurdankoffer gaan vir Huis Louisa Myburgh

Program vir die Week

5 Augustus	9h30 Biduur by Kraggakamma uitspanning
	12h45 – 14h00 Gebedskild in gebedskamer
6 Augustus	11h00 Diens by Stella Londt
	19h00 Leef@Kerk
9 Augustus	Nasionale Vrouedag

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Preke:
Ons is tans besig met 'n 7 weke reeks, "7 Weke met Ritmes vir die lewe". Die boekies is by die kerkkantoor beskikbaar teen R20 elk.

Sake vir gebed
Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by Huis Louisa Myburgh.
Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Radio Feba
Mnr M* het as gevolg van 'n beroerte verlam geword. Hy wou weens sy omstandighede selfmoord gepleeg het, maar nadat hy na Radio Feba se programme begin luister het, was hy gretig om meer oor God te leer. Bid dat die Here sy geloof sal versterk. **Lees meer oor Radio Feba se gebedsversoeke**.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Christene in Sjina
Bid saam met Christene in Sjina dat hulle staande sal bly te midde van strenger godsdiensbeperkings en om effektief deel te neem aan kruiskulturele sendings. ***Foto***

There4-Bedieninge nooi jou uit om kaartjies van bemoediging te maak vir ons boeties en sussies in Egipte. Saterdag 17 Aug '19 vanaf 10 tot 12 en Dinsdag 20 Aug '19 vanaf 10 tot 12. Kontak gerus die kantoor op 041 360 1946 of vir Melissa op 071 361 8780 indien jy belangstel.

12 Dames besoek in September, saam met There4-Bedieninge,Egipte, om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister. Ons benodig : Bedsokkies, "pocket tissues", "Shower Gel" vir mans, luukse sepies en handeroompies, bv Oh So Heavenly.
Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.
Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946

Algoa Gemeenskapskerk – Bybelprojek
Algoa Gemeenskapskerk wil Bybels uitdeel aan minderbevoorrgtes, gemeente jeug en kinders van Laerskool Piet Retief. Indien daar Bybels in jou huis is wat jy nie gebruik nie, kan dit by die kerkkantoor ingehandig word. Kontant donasies is ook welkom en sal gebruik word om nuwe Bybels aan te koop.

Bybellees-Marathon
Meer inligting oor die Bybellees-Marathon in Despatch is
op ***hierdie skakel*** bekikbaar. Gaan lees gerus die inligting en raak selfs betrokke by die projek.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:
4 Augustut – Ben de Wit, Ashleigh Frazenburg, Luhein Frazenburg, Freddie Gerber, Arno Spinks, Martin Spinks, Theresa Thompson, Liané van der Merwe en Marissa van Wyk
5 Augustus – Christoff van der Merwe
6 Augustus – Ané Retief en Reghardt van Zyl
7 Augutsus – Kayleigh Buchner, Armandt Greyling, Pierre Jacobs, Jackie van Heerden en Marlize Westraadt
8 Augustus – Mario du Preez en Nicolene Wentworth
9 Augustus – Christoff Bosch, Charl du Plessis, Mias Nieuwoudt, Igie Rademeyer, Anrich van der Westhuizen en Juanitha Vorster
10 Augustus – Neville Noble en Freek Pretorius

Padkos

Wie noem jou hulle vriend?
'n Vriend het my 'n ruk gelede vertel van 'n Europese gestremde seuntjie wat vir Bill Clinton geskryf het, toe hy nog president van Amerika was. Later, toe die president daardie land besoek, het hy aangebied om die seuntjie een Woensdagmiddag te ontmoet. Toe kry Clinton 'n antwoord van hierdie kindjie wat sê hy het ongelukkig daardie dag reeds 'n afspraak aan om saam met 'n ander maatjie iewers heen te gaan. Daarom sal hy nie die afspraak met die president kan nakom nie. Hierdie seuntjie het belangriker dinge gehad om te doen. Praat van prioriteite!

Wie maak die meeste saak in jou lewe - mense met groot name of status, of dalk die eenvoudiges en geringes? Wag, die vraag is nie eens wie jy ken nie. Nee, dis eerder watter mense beskou jou as hulle beste vriend? Leer by Jesus, wie se vriende ook die geringes en die "nobodies" van die dag ingesluit het. In Lukas 15:1 lees ons juis dat sondaars ook gereeld na Hom gaan luister het. As Jesus se soort vriende ook onder jou vriende tel, is jy besig om die koninkryk van God reg te verstaan en reg uit te dra.
[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com